



# Ligdraer

## Gereformeerde Kerk Ontdekkers

1 September 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

### Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na afloop van die erediens saam met ons roomys in die saal te geniet. (Donasies is vir die kinderhuis in Reddersburg)



Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*Baie geluk aan almal wat gedurende die maand verjaar.*

#### **Bybelstudie:**

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia Erasmus**

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

**Jong volwassenes:** Evert & Cherése Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

**Skakel ons!**

011 672 3810



**Stuur e-pos!**



[info@ontdekkers.org.za](mailto:info@ontdekkers.org.za)



[www.ontdekkers.org.za](http://www.ontdekkers.org.za)

**Besoek ons webbladsy**



**“LIKE” & “SHARE”**

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

**Selfoonnommer: 060 342 3316**

**D**aar is 'n vaste tyd vir alles, elke ding onder die son het sy tyd.  
(Prediker 3:1)

Septembermaand is lentemaand en dit laat my onwillekeurig aan C. Louis Leipoldt, en dan veral aan die woorde "Al die veld is vrolik" dink.

"Al die veld is vrolik; al die voëltjies sing; al die kriekies kriek daarbuit'; elke sprinkaan spring. Al die koggelmandertjies kom om fees te vier; hier galop 'n goggatjie, daarso dans 'n mier."

En alhoewel die winterseisoen nog nie heeltemal gedraai het nie, is daar 'n opgewondenheid in die natuur vir die nuwe seisoen wat wag. Dit is dan ook dat ek nadink oor die rigting en doel van my my lewe, 'n tyd om weer voor die Here stil te raak en my geestelike seisoen te oordink. Vir my beteken die nuwe seisoen om die Here weer met nuwe ywer te dien. My gebed is dat die Here my voordurend nuut sal laat dink oor my geestelike lewe en daarom sal ek die Here loof en dank vir die mooi seisoen in sy volheid van kleur. Ek sal uit volle bors vir Hom sing omdat daar daaglik wonderwerke van Hom kom.

### **Dink asseblief in julle gebede aan:**

#### **❖ Pieter van Zyl wat baie siek is.**

- Graag doen ons weer 'n beroep op elke lidmaat om sy / haar besonderhede by die kantoor op datum te bring. Telefoonnommers, adresse en verjaarsdae maak dit net soveel makliker om onderlinge verhoudings te versterk. Kontak die kerkkantoor vir jou lidmaatskapnommer en gebruik die nommer wanneer jy jou kerkbydrae direk in die kerk se bankrekening inbetaal of in koevertjies afdra. By voorbaat baie dankie aan almal se samewerking.
- Maarten Snyman wat die 'blikkies vir Bybels' projek bestuur kan nie meer die blikkies aankoop nie en wil 'n beroep op lidmate doen om self blikkies of ou botteltjies vir die munte te gebruik. Die vol blikkies / botteltjies kan by die kantoor ingegee word. By voorbaat dankie.
- Elna Clark gaan die naweek van 13 September Reddersburg Kinderhuis besoek. Die behoefte op die oomblik is handdoeke, skryfbehoeftes en grys en wit skoolkouse (Ouderdom 5-18 jaar). Indien jy weet waar ons handdoeke

teen 'n billike prys kan aankoop of indien jy handdoeke het wat jy nie meer gebruik nie laat weet asseblief vir Tank. Die dames het ook besluit om 70 lekkergoed pakkies saam met Elna te stuur, dus indien jy kontant of 'n pak lekkergoed kan skenk sal ons dit baie waardeer. Volgende Sondag (8 September 2019) na die erediens wil ons die lekkergoed in bruinsakkies pak en vra veral die kinders om ons te kom help asseblief. Vandag is daar roomys na die erediens in die saal en ons vra asseblief vir donasies, alles ten bate van die Paul Kruger Kinderhuis in Reddersburg. En jy kan uitsien na Sondag, 8/9/2019, "cup cakes" en Sondag, 15/9/2019, Brownies.



## **Al is dit nie my skuld nie, is dit steeds my verantwoordelikheid**

– deur Stephan Joubert

Wanneer dinge skeefloop is dit maklik om die skuld hiervoor te plaas op ander se skouers. Blameerders soek gedurig na sondebokke vir foute. Maar dit help nie om dinge beter te maak nie. God het ons in elk geval nie op die aarde geplaas om ons lewe in 'n blamerings-modus deur te bring nie. Dan verval onself in 'n dodelike spiraal van kritiek, foutvind en afkraak. Die Here roep ons op tot 'n meer sinvolle lewe as dit, naamlik om ons eie stukkie verskil te maak daar waar ons elke dag leef. Al is dit nie ons skuld dat die wiede rondom ons afval nie, is dit wel ons verantwoordelikheid om hulle te help terugsit. Al is dit nie ons skuld dat mense daar by ons werk of elders korrup is nie, is dit ons verantwoordelikheid om dit te breek op ons eie voorstoep. Ons is be-opdrag en ge-taak om God se koninkryk te laat kom en sy wil te laat geskied. Elke stukkie reg doen maak die regte emmers druppel vir druppel vol. Elke keuse vir die Here se lig, dryf die donkerte terug in die hoek in. Ons vat graag verantwoordelikheid, die Here se soort!

*Tree...op as ligdraers van die wêreld deur die Woord van die lewe uit te dra.*

## **OGGENDDIENS**

**TEMA:** "Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe."

### **Stemmingsliedere**

Ps. 16:2&3  
Lied 169:1-3  
Lied 203:1&2

### **Ontmoetingsdiens**

Votum / Seëngroet  
Ps. 138-2:1&3  
Geloofsbelydenis: Necea

### **Versoeningsdiens**

Skriflesing: Romeine 12:9-21  
Lied: 480:1&3

### **Woorddiens**

Gebed  
Lied 485:1&2  
Skriflesing: Matteus 10:5-16  
Fokusvers: Matteus 10:16

### **Antwoorddiens**

Gebed  
  
Lied 488:1-4  
  
Groetseën  
  
AMEN

## **AANDDIENS**

**TEMA:** Getuig beteken:  
Volg Christus!

### **Stemmingsliedere**

Ps. 89:1&6  
Lied 523:1&3  
Lied 542:1&2

### **Ontmoetingsdiens**

Votum / Seëngroet  
Lied 547:1&2  
Sb. 14-1:1&3

### **Woorddiens**

Gebed  
Skriflesing: 1 Korintiërs 4:1-21  
Fokusvers: 1 Korintiërs 4:16

### **Antwoorddiens**

Gebed  
  
Lied 543:1&2  
  
Groetseën  
  
AMEN  
  
Lied 532:1-3